SARIE my inspirasie

www.sarie.com - http://www.sarie.com/lees/artikels/toer-saam-met-marita-in-frankryk

Toer saam met Marita in Frankryk

Jou toer begin met **2 dae in Parys**, waar jy tuisgaan in 'n hotel in die **Opera-gebied**. Skrywer **Marita van der Vyver** sal jou vergesel na van die beste **kuns- en kultuurskatte** en die lekkerste **inkopie-paradyse** en **eetplekke** uitwys.

Van daar reis ons per trein na **Montluçon**, en dan per luukse-bus na **Aubusson**. Hier span ons vir 5 dae uit in die betowerende **Hôtel Château Sallandrouze**, vroeër 'n vervalle 19de-eeuse herehuis wat deur Suid-Afrikaner **Lanie van Reenen en vennote** as luukse-hotel ingerig is. Verken die outydse dorpie te voet en besoek die **tapisserie-museum**, die **Manufacture St. Jean** en **winkeltjies** wat nou nog hul bestaan maak uit die kunsverlede van Aubusson.

Die volgende 5 dae is ons **reis-spyskaart** die ene interessantheid: die **Orsan-tuine**, die huis van skrywer **George Sand**, piekniek by **Lac Vassivière** en die **porselein-fabrieke van Limoges**. Ons kuier 'n dag lank by **Louis Jansen van Vuuren** (bekende SA kunstenaar) en **Hardy Olivier** by hul **Château de la Creuzette** op die naburige dorpie **Boussac**.

Ons stap saam na die **markplein** om middagete-bestanddele te koop vir hul gunsteling-geregte wat ons saam in hul **somer-kombuis** geniet. Daarna besoek ons die **Boussac-kasteel** en geniet 'n glasie sjampanje met Louis en Hardy voor ons terugkeer na Aubusson.

Saans kuier jy saam met Marita en Lanie terwyl **sjef Christophe Chabanel** Franse geregte optower. **Etes is onder die sterre**, in die formele Café Sallandrouze of die informele Bistrot Boma.

Daar's ook tyd vir **masserings**, laat slaap of net met 'n boek in die son opkrul . . .

Kuier saam met SARIE-rubriekskrywer **Marita van der Vyver** van Parys tot die bekoorlike Limousin-provinsie.

Marita neem jou na die beste **kuns- en kultuurskatte in Parys**.

'n Tipiese romantiese **straattoneel** in Parys. Geniet die straatkafees, die allerheerlikste koffie en croissants.

Welkom by die betowerende **Hôtel Château Sallandrouze**.

Dié 19de-eeuse herehuis is nóú 'n **luukse-hotel in Aubusson**.

Hôtel Château Sallandrouze in die outydse dorpie Aubusson.

Hôtel Château Sallandrouze.

Hôtel Château Sallandrouze in die winter.

Château de la Creuzette op die naburige dorpie **Boussac**.

Wat kos die toer?

- **R29 250 p.p. wat deel**
- **R34 500 per enkelkamer**

Dit sluit in:

***** Retoerreisgeld in ekonomiese klas van O.R. Tambo na Parys (Air France)

***** Verblyf in 'n 3-ster-hotel in Parys, 'n luukse-hotel in Aubusson

***** Ontbyt en aandetes

***** Alle vervoer en besienswaardighede

***** Tweedeklas-retoertreinkaartjie van Parys na Aubusson

Nie ingesluit nie:

***** Schengen-visum
***** Reisversekering
***** Persoonlike items

WANNEER

SARIE-TOER 1
11 September – 20 September 2009

SARIE-TOER 2
25 September – 4 Oktober 2009

BESPREEK SÓ
Rufaro Destination Management
Skakel 021 462 7022, e-pos kitty@rufaro.co.za

Klik hier vir die volledige reisplan!

SARIE my inspirasie